

2 Desember

Skrifgedeelte: Deuteronomium 18:15-22

Fokusgedeelte: Deuteronomium 18:15

Ons hoogste Profeet

In Deuteronomium word aan Israel geleer hoe hulle in Kanaän moet gaan lewe. Tussen heidennasies, die Kanaäniete met hulle afgodiese praktyke. Hulle moet die HERE alleen dien.

Die omgewing waarin die kerk vandag lewe, is toenemend vyandig. Juis hier het ons die roeping om as profete te werk.

Waaroor gaan die stryd? Om die een groot waarheid: God se alleenheerskappy! In Deuteronomium 18:15 belof die HERE dat Hy 'n Profeet sal voorsien. Hy moet kom verkondig WIE die HERE is en waarom Hy alleen gedien moet word.

Dit word in Deuteronomium 5 en 6 en in Deuteronomium 32 in treffende beeldspraak duidelik gemaak: Hy is die enigste God, die Rots wie se werk volkome is; Hy is die God wat oorvloed gee, die Skepper. So sing Moses as profeet van God se almag en barmhartigheid.

Christus is die groot Profeet. Hy is die weg, die WAARHEID, en ook die lewe (Joh 14:6). Hy kom jou leer: Beywer jou ALLEREERS vir die koninkryk van God (Matt 6:33). Aanvaar dan dat God die Alleenheerser is en beywer jou as profeet om dit deur alle mense te laat erken.

So kom neem Hy alle bekommernisse van jou weg en so gee Hy jou sy vrede.

Sing: Skrifberyming 15-7:2, 4

Dr B Duvenage (Emeritus)